

REFORMATORE OOR AFSKEIDING.

Dit is veral Calvyn, maar ook ander Hervormers, wat op grond van die Skrif kragtig getuig het teen afskeiding of verskeuring van die liggaam van Christus. Hierdie waarskuwende stemme is tot groot skade van die eenheid, die „una sancta” — gedagte van die Kerk van Christus, vergeet geword. In die meeste Protestantse lande bestaan daar verskillende Kerke wat in hoofsake nie veel van mekaar verskil nie. So is daar bv. in Nederland nie minder as veertien verskillende Kerke en Kerkies wat hulself gereformeerd noem en in die Verenigde State van Amerika is die aantal verskillende Protestantse Kerke nog veel groter. Volgens berigte uit ondergrondse bronne in besette Nederland is daar nou weer 'n nuwe Kerk of groep wat hulself afgeskei het en die woord gereformeerd in hulle vaandel dra. In Suid-Afrika het ons 'n paar jaar gelede verneem van die Vrye Christelik Gereformeerde Kerk toe ongeveer 100 lede, gelei deur twee gewese sendelinge van die Ned. Geref. Kerk, hulself afgeskei het van die Gereformeerde Gemeente van Frankfort, O.V.S. En nou is daar weer in Durban 'n nuwe Kerk gevorm toe ene Dr. de Vos met 'n paar honderd lidmate uitgetree het uit die verband van die Ned. Geref. Kerk van Natal.

Met die oog op hierdie dinge sal dit goed wees om weer in herinnering te bring wat die standpunt van die Reformatore was in hierdie verband. Veral die geweldige stryd wat Calvyn gevoer het teen die Wederdopers van sy tyd, skyn totaal vergeet te wees. Die stryd het sy ontstaan te danke aan die pogings van die Wederdopers om 'n s.g. suiwere Kerk op te rig, nadat hulle die bestaande Kerk op grond van sy gebreke as Kerk van Christus verwerp en as valse Kerk bestempel het.

Calvyn leer dat daar twee merktekens is waaraan die ware Kerk geken kan word, nl. die bediening van Woord en Sakrament, wat albei nou saamhang met die wese van die Kerk.¹⁾ In teenstelling met die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 29 reken hy nie die tug hierby nie, maar by die welwese, die gesondheid of die welstand van die Kerk. Dit wil sê dat volgens Calvyn 'n Kerk, ook niesteenstaande ernstige gebreke in die beoefening van die tug, tog nog 'n ware Kerk bly, wat niemand ongestraf geoorloof is om te verlaat nie. Hy skryf ²⁾: „Waar die verkondiging van die Evangelie met eerbied aangehoor word en die Sakramente nie versuim word nie, daar word vir die tyd 'n on-

¹⁾ Institutie IV. 1. 10.

²⁾ IV. 1. 10.

bedrieglike en ondubbelsinnige gedaante van die Kerk gesien, sodat niemand ongestraf sy gesag mag verag, sy vermaninge verwerp, sy raad teenstaan of sy berispinge en kastydinge bespot nie; veel minder nog van hom mag afwyk en die eenheid met hom verbreek."

In verband met die pogings van die Wederdopers van sy tyd, wat „wi! voorgee dat hulle meer vordering as ander gemaak het" op die geloofsweg, om 'n suiwere Kerk te vorm, skryf hy³⁾: „Omdat hulle meen dat daar geen Kerk is, waar daar geen volkome suiwerheid en ongeskondenheid van die lewe is, verlaat hulle deur haat teen die sonde die wettige Kerk, terwyl hulle meen dat hulle van die versameling van slegte mense afwyk. Hulle voer aan dat die Kerk van Christus heilig is. Maar sodat hulle terselfdertyd kan verstaan dat die Kerk bestaan uit goeie en slegte mense deurmekaar, so laat hulle uit die mond van Christus die gelykenis hoor (Mat. 1:47), waarin die Kerk met 'n net vergelyk word, waarmee visse van alle soorte gevang word, wat nie uitgesoek word voor hulle nie op die strand uitgegooi word nie. Laat hulle hoor, dat die Kerk soos 'n akker is (Mat. 13:24), met goeie saad besaai, maar deur die vyand met onkruid verontreinig, waarvan hy nie gesuiwer word voordat die oes na die dorsvloer gebring is nie. As die Here sê dat die Kerk tot die oordeelsdag toe aan hierdie kwaad sal ly, en bemoeilik sal wees deur die vermenging met slegte mense, dan soek hulle tevergeefs na 'n Kerk, wat met geen enkele vlek bespat is nie."

Maar Calvyn gaan nog verder om sy stelling op grond van die Skrif te verdedig. Hy skryf:⁴⁾ „In die Kerk van die Korinthiërs was die getal van die wat gedwaal het nie klein nie, ja dit het nie baie geskeel nie of die hele liggaam was deur dwaling besmet en ingeneem; daar was nie maar net een soort van sonde nie, maar baie; en dit was ook geen geringe dwalinge nie, maar daar was ook gruwelike sondes onder; daar was nie alleen verdorwenheid in die sede nie, maar ook in die leer. Wat doen die heilige apostel hier, wat die instrument van die Heilige Gees is deur wie se getuienis die Kerk staan en val? Probeer hy om 'n skeiding te bewerkstellig? Verstoot hy hulle uit die Ryk van Christus? Tref hy hulle met die laaste bliksem van die vervloeking? Hy doen nie alleen niks hiervan nie, maar hy erken en verkondig dat dit 'n Kerk van Christus en 'n gemeenskap van die heiliges is. As die Kerk onder die Korinthiërs bly waar warme twiste, skeurings en afguns is, waar krakele, gekyf en hebsug gaande is, waar opelik 'n skelmstuk goedgekeur word wat selfs in die oë van die heidene verfoeilik sou wees, waar die naam van Paulus, wat hulle as 'n vader behoort te eer, op 'n baldadige wyse bespot word, waar som-

³⁾ IV. 1. 13.

⁴⁾ IV. 1. 14.

mige die opstanding van die dode belag, — om hierdie stuk (van die leer) weg te neem sou neerkom op die vernietiging van die hele Evangelie — waar die gawe van God aan die eersug en nie aan die liefde van God diensbaar gemaak word, waar baie dinge onbetaamlik en onordelik geskied; as die Kerk tog nog te Korinthe bly, omdat die bediening van Woord en Sakrament daar nie verwerp word nie, wie sou dan die titel van Kerk durf ontnem aan so 'n vergadering, waaraan nie 'n tiende deel van hierdie gebreke te laste gelê kan word nie?"

Wat die gebreke in die tug betref, daarvan getuig Calvyn as volg: ⁵⁾ „Hiervan het Christus self, sy apostels en byna al die profete ons 'n voorbeeld gegee. Ontsettend is die beskrywings waarmee Jesaja, Jeremia, Joël, Habakuk en andere die gebreke van die Jerusalemse Kerk beween. Onder die volk, die owerheid en die priesters het alles tot so 'n diepe verval geraak, dat Jesaja nie aarsel om Jerusalem op een lyn te plaas met Sodom en Gomorra nie. (Jes. 1:10). Die godsdiens was vir een deel verag en vir 'n ander deel besmet; wat die sede betref, daaronder word algemeen diefstal, roof, troueloosheid, moord en dergelike wanbedrywe opgenoem. En tog het die profete geen nuwe Kerke opgerig of nuwe altare gebou nie om daarop hulle besondere offerandes te offer, maar aangesien hulle, hoedanig die mense ook was, oorweeg het dat die Here sy Woord onder hulle gegee en sy regte ingestel het, waardeur Hy daar gedien is, daarom het hulle te midde van die vergadering van die goddelose reine hande tot Hom opgehef. Voorwaar, as hulle gedink het, dat hulle daardeur enigszins verontreinig sou word, sou hulle liever honderd keer wou sterwe as om hulle daartoe te laat bring. Niks het hulle derhalwe van skeuring terug gehou as net die begeerte om die eenheid te bewaar.”

Dit is egter nie alleen die groot Hervormer uit Geneve wat in die 16de eeu gewaarsku het teen skeuring in die Kerk van Christus nie. In die 17de eeu het daar 'n ander groot kerkvader nl. Wilhelmus a Brakel sy stem laat hoor. Hy was predikant van die Hervormde Gemeente te Rotterdam in Nederland en is oorlede op 30 Okt. 1711. In sy *Redelijke Godsdienst* ⁶⁾ handel hy in die 25ste hoofstuk oor die onderwerp: „Men moet zich bij de Kerk voegen en bij haar blijven.” Hierin voer a Brakel 'n ernstige polemieek teen die afgeskeidenes van sy tyd nl. die Labadiste, Piëtiste e.a. Nadat hy op die klagte teen die verdorwenheid en verval van die Kerk gewys het, ⁷⁾ dat „die Kerk van die hoof tot die voete verskriklik bedorwe is,” dat „die wêreld op en top in die Kerk te sien is,” dat 'n godsalige „hom nie kan onthou van droefheid, ja veragting, ja toorn” oor die onverbeterlikheid en onbekeerlikheid van die Kerk nie, toon hy aan dat dit „die bedeling van

⁵⁾ IV. 1, 18.

⁶⁾ Uitgegee deur D. Donner te Leiden in 1881.

⁷⁾ Bl. 612, 613, 614.

God in alle tye was om die Kerk so bedorwe in die wêreld te laat. „As u let op die Kerk,” so vervolg ⁸⁾ hy, „van Adam tot op Christus. dan sal u sien, dat die Here die meeste van die tyd geen behae daarin kon hê nie. En in die tyd van Christus was die Joodse Kerk verskriklik bedorwe en die gedoopte dissipels het in groot getalle weer van Hom afgeval en getoon dat hulle waarlik nie bekeer was nie, Joh. 6:66. Paulus het verklaar dat die gemeente van Korinthe vleeslik was. 1 Kor. 3:3; dat daar hoererye onder hulle in swang was, 1 Kor. 5:1. Hulle het dronk aan die heilige Awendmaal gegaan, 1 Kor. 11:21. Sommige van hulle het geen kennis van God nie, 1 Kor. 15:34. In die gemeente van Galatië was daar wat afgesny moes gewees het, maar nietemin binne bly, Gal. 5:12. Paulus verklaar, Filip. 2:21, van baie in die Kerk: hulle soek almal hulle eie belange, nie die van Christus Jesus nie. Lees die brief van Judas en Openb. 2 en 3 en u sal sien hoe bedorwe die Kerke was.”

Hy wys op al hierdie feite by die Kerk en tog skryf ⁹⁾ hy: „dit is 'n verskriklike sonde om die Kerk te verlaat en 'n beter een te wil oprig, want die Kerk is maar een, dit is die liggaam van Christus, om van die Kerk af te skei, beteken van die volk van Christus, van sy liggaam af te skei, dit beteken om sigself van die belydenis van Christus te onttrek en die gemeenskap van die heiliges te verlaat. . . . Teen so 'n handelwyse verset die apostel hom as hy die wat dit doen vleeslik noem, 1 Kor. 3:1, 3, en as hy daarvoor waarsku en sê: „Ek vermaan julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, om almal eenstemmig te wees, en dat daar onder julle geen skeuringe moet wees nie. 1 Kor. 1:10.”

Ten slotte wys ons nog op 'n woord van iemand wat in die spore van Calvyn en a Brakel gewandel het en ook uit ervaring van skeuringe in sy tyd gespreek het. Dit is Dr. Ph. Hoedemaker. Soos Calvyn te doen gehad het met die veroordeling van die bestaande Kerk deur die Wederdopers, wat hulle eie „suiwere” Kerk gevorm het; soos a Brakel moes optree teen die Labadiste en andere afgeskeie groepe in sy tyd met hulle „volmaakte” Kerk; so het Hoedemaker geleef in die dae van die Doleansie of tweede afskeiding in Holland en het sy hart gebloei van droefheid toe hy sien hoedat Dr. Kuyper separasie bo reformasie van die Kerk verkies, 'n „gereformeerde” Kerk verlaat om 'n belydenis-Kerk te stig.

En wat is die bevinding van Hoedemaker? Mag 'n mens sy Kerk, al is dit ook 'n „kranke moeder,” verlaat? Hy skryf as volg ¹⁰⁾ daaroor: „Die Kerk verlaat . . .? Verre daarvandaan. Die Kerk mag my loslaat, ek laat die Kerk nie los nie. My regte sal ek handhaaf en waar ek dit

⁸⁾ bl. 615.

⁹⁾ bl. 605. 9. 2.

¹⁰⁾ Machtsvertoon of Wettig gezag?, 1886 bl. 30.

nie kan gebruik nie, en só gebruik, dat ek in die aksie wat volg, as God genade gee om getrou bevind te word, sal ly, stry, bid, waak, werk Hoe dit ook mag verloop en wat ook mag geskied, my doel, my gebed, my hoop bly die Reformasie van die Kerk, die herstel van die verskeurde gemeenskap, en in die Kerk, die regenerasie van my volk."

Hierdie wyse woorde van Calvyn, a Brakel en Hoedemaker, woorde deur hulle aan die Skrif ontleen, mag ook in ons tyd nie aan die vergetelheid prysgegee word nie.

JOH. DREYER.
